



Lêerno.: 3/3/2/4/12
Verwysing: 20240422-3293

Strategiese Mensbestuursminuut: 0005/2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Adjunkdirekteure,
Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Hoofde: Distrikskurrikulumondersteuning,
Hoofde: Distriksleerderondersteuning, Prinsipale en alle Staatsdienspersoneel

Onderwerp: Nuwe aansoekvorms en sertifikate vir opvoeders en staatsamptenare wat aansoek doen vir toestemming om besoldigde werk buite die staatsdiens (RWOPS) te verrig

1. In opvolging van Strategiese Mensbestuursminuut 0001/2024, gedateer 23 Januarie 2024, is Omsendbrief 13/2024, gedateer 11 Maart 2024, deur die Departement van Staatsdiens en Administrasie uitgereik ten opsigte van goedgekeurde etiek-direktiewe van die Minister vir Staatsdiens en Administrasie, wat vanaf 01 April 2024 in werking is.
2. Ingevolge die etiek-direktiewe, is die aansoekvorms en sertifikate vir opvoeders en staatsamptenare wat aansoek doen vir toestemming om besoldigde werk buite die staatsdiens te verrig, hersien om die aansoekproses te vereenvoudig en dit meer effektief te maak.
3. Die hersiene aansoekproses sluit die volgende in:
 - 3.1 Aansoekvorm vir nuwe aansoekers
 - 3.2 Heraansoekvorm (aansoekers wie se werksomstandighede sedert hul vorige aansoek nie verander het nie)
 - 3.3 Sertifikaat van goedkeuring
 - 3.4 Bevestigingsbrief wat as goedkeuring beskou word (aansoek wat goedgekeur word ná vervaltydperk vir goedkeuring)
 - 3.5 Instrumente wat as riglyne kan dien vir mensebestuurders/toesighouers en etiekbeamptes wanneer aanbevelings aan die uitvoerende gesag gemaak word.
4. Werknemers wat toestemming gevra het om besoldigde werk buite die staatsdiens te verrig, en diegene wat van voorneme is om besoldigde werk buite die staatsdiens te verrig, moet 'n nuwe aansoekvorm of 'n heraansoekvorm invul en dit by die volgende adres indien:

Hoof: Onderwys
Vir aandag: Direkteur: Strategiese Mensbestuur
Wes-Kaapse Onderwysdepartement
Privaatsak X9114
KAAPSTAD
8000

OF

Stuur 'n e-pos aan: RWOPS.Applications@westerncape.gov.za

5. Werknemers wie se aansoek om vir die huidige finansiële jaar besoldigde werk buite die staatsdiens (RWOPS) te verrig, en wie se aansoeke reeds goedgekeur was voor die verskyning van hierdie minuut, hoef nie weer aansoek te doen nie.
6. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle werknemers waaroor u toesig hou.

GETEKEN: M CRONJE

WAARNEMENDE ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KORPORATIEWE DIENSTE

DATUM: 2024-04-29